

# St. Thérèse van Lisieux

## 1 Oktober

(1873-1897)

Toe hierdie jong Karmelitiese non op 24-jarige ouderdom binne die kloostermure sterf, was sy geheel en al onbekend aan die wêreld daarbuite. Die meeste van haar medesusters in die klooster was ook totaal onbewus van die diepte van haar gebed en die rypheid van haar geestelike lewe. Die publikasie van haar dagboek was ’n openbaring! In dié noukeurige opgetekende geskrif is die lewensverhaal van ’n siel blootgelê deur haar lang, moeisame reis deur die donker klowe van twyfel en onsekerheid in ‘n uitdagende avontuur van liefde, langs die klein en smal paadjie van daaglikse beproewinge en menslike swakheid al hoe hoër op na die uiteindelike volle lig van die geloof. Jesus se Blommetjie bly een van die grootste leermeesters van die geloof in die geskiedenis van die Kerk.

© Die Oratorium Uitgewery